Deel/Volume 50 Nr/No 2
Lente/Spring 2008

THE DIE ANGORA

Bok- en Sybokhaarblad | Goat & Mohair Journal

For everyone in the mohair industry

Vir almal in die sybokhaarbedryf



South African Mohair Growers' Association

Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekers-vereniging

Congress 2008 Kongres

Left: MSA continued as a sponsoring member of SAITEC. The showroom in Atlanta.

Die voortgesette goeie vraag na sybokhaar was verantwoordelik vir die handhawing van 'n redelike bestendige prysvlak

Navorsing

Die navorsingsadvieskomitee vergader elke jaar gedurende Augustus om die vordering van projekte te evalueer en om nuwe projekte te oorweeg.

- Swelsiekte projek gaan voort met befondsing wat reeds goedgekeur is.
- DNA Bank. Die vestiging van 'n DNA Bank vir angoras gaan voort met die meerderheid van befondsing wat voorsien word deur die Dept. van Landbou.

Speenskok en kleinbokkievrektes

Hierdie projek is afgehandel en die finale verslag is gepubliseer.

Gehardheidsprojek

Die projek is afgehandel en die moontlike oorsaak geïdentifiseer. Verdere navorsing word nou gedoen om 'n moontlike oplossing te vind.

Glans in sybokhaar en semenbevriesing

Hierdie projekte duur voort met befondsing deur SSA.

Inligting

Die bekendmaking van inligting aan alle rolspelers bly een van die belangrikste take van die maatskappy, en daar sal voortdurend gepoog word om inligting meer doeltreffend weer te gee.

Mohair Pools

The voluntary floor price/pool scheme ensures producers a guaranteed minimum average price (currently R49.55 per kg) for their hair. This is unique to any other sector of the agricultural industry in South Africa.

The Board of Directors, with all relevant stakeholders being consulted, is currently investigating the possibility of making an upward adjustment to the floor price.

Die Mark en Produksie

Die voortgesette goeie vraag na sybokhaar was verantwoordelik vir die handhawing van 'n redelike bestendige prysvlak, met 'n positiewe prysneiging vir kleinbokkiehaar wat later in die jaar na vore getree het.

Die gemiddelde skeerselrealisasie van R78.38 per kg was bykans onveranderd van 2006. Aangesien 'n vergelykbare markaanwyser vir 2006 nie beskikbaar is nie, word die algehele markaanwyser vir 2007 nie aangehaal nie.

Daar was 'n daling van ongeveer 10% in produksie vanaf 2006. Die totale sybokhaarproduksie vir Suid -Afrika in 2007 word op 3 miljoen kilogram beraam, wat 54% van wêreldproduksie verteenwoordig. 'n Groot bydraende faktor tot die daling was die geweldige droogte wat in 'n groot gedeelte van die produksie-area ondervind is.

Uitvoere in 2007 het 3,47 miljoen kilogram beloop, wat effens laer as 2006 was. Die hoof-eindbestemmings vir die haar was Italië, Sjina, Frankryk en die Verenigde Koninkryk. Invoere vir die jaar het 830 747 kg behels.

Statutêre Maatreëls

Soos verlede jaar by kongres berig is, het diefstal in die sybokhaarbedryf 'n kommerwekkende probleem geword en is daar derhalwe 'n aansoek vir statutêre maatreëls by die Minister van Landbou ingedien.

Administrasie

Mnr. Frans Loots het bedank en op 3 Julie 2007 uit diens van die maatskappy getree. SSA het herstruktureer en mnr. Deon Saayman is as hoofbestuurder aangestel, en sodoende is 'n bevorderingsbestuurspos geskep wat op 15 Januarie 2008 deur mev. Jackie Gant gevul is.

Uitvoerende Struktuur

Mnre SJ van Heerden en G Cawood het op 31 Desember 2007 uit die direksie van SSA getree, en mnre F Michau en IF Smith is in hul onderskeie plekke aangestel.

Ten Slotte

SSA bly verbind om die sybokhaarbedryf in totaliteit en in al sy fasette uit te brei en pro-aktief op te tree om die bedryf in 'n nuwe era in te lei.

Ek wil graag my dank en waardering teenoor my mede-direkteure, asook die personeel van SSA, vir hulle hulp en ondersteuning, uitspreek. ■



DESIGN SOUTH AFRICA

Home Lifestyle Hub in Atlanta, USA

The objective of the Atlanta Trade Hub is to create a trade platform in the USA for SMME's and BEE initiatives to facilitate and handle all aspects of the export process from South Africa to the USA.

The goal is to facilitate direct market access to focused target segments, to identify suitable distribution channels for each enterprise and to assist with ongoing product development. The Home Lifestyle Hub is a permanent facility, which is open daily to the trade. It is a stunning forum that highlights South African products.

They opened their doors on 9 January 2007 and won the 'Best in Show for Outstanding Design' at its premier show. Some of the star participants were Ricca Turgel of Abafazi in Alicedale, with her beautiful throws and scatter cushions, Helen Shuttleworth of Shuttleworth Weaving, who exhibited her beautiful handwoven rugs while Momento's of Africa exhibited their raised mohair throws and blankets.

Design South Africa has been a resounding success. It has far exceeded all initial expectations and goals. Inquiries have increased over a 1000% in the first sixteen months, sales have increased by 495% from the first five months and permanent showroom space has been increased by an additional 200m² to accommodate the additional twelve companies who have been added to the original list of fourteen exhibitors.